**WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT**

**LUG JOU MENING**

**VOORLEGGINGS EN OPENBARE VERHORE OOR DIE WES-KAAPSE WYSIGINGSWETSONTWERP OP MONITERING EN ONDERSTEUNING VAN MUNISIPALITEITE [W 8–2023]**

Die Staande Komitee oor Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement sal die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite [W 8–2023] as deel van sy grondwetlike verantwoordelikhede oorweeg.

Die doel van die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite [W 8–2023] is om die Wes-Kaapse Wet op Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite, 2014 (Wet 4 van 2014), te wysig ten einde sekere woordomskrywings in te voeg; om voorsiening te maak vir die Provinsiale Minister om enige munisipaliteit of kategorie munisipaliteit deur kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* te versoek om inligting aan ’n vermelde provinsiale staatsorgaan voor te lê; om voorsiening te maak vir toegang tot rekords van ’n munisipaliteit gedurende ’n evaluering of ondersoek deur sekere provinsiale funksionarisse; om voorsiening te maak vir die aanwysing van steunbeamptes aan munisipaliteite; om voorsiening te maak vir die aanwysing van ’n provinsiale steunbeampte; om die bepalings te wysig wat voorsiening maak vir samewerking tussen ’n munisipaliteit en die Departement; om voorsiening te maak vir prosedures vir die proaktiewe monitering van munisipaliteite; om voorsiening te maak vir prosedures vir die inspeksie, beveiliging en kopiëring van rekords in vermelde omstandighede; om voorsiening te maak vir die Provinsiale Minister om by ontvangs van sekere bewerings ’n munisipale raad te beveel om ’n voorlopige evaluering uit te voer; om die Provinsiale Minister te magtig om die uitkoms van ondersoeke deur ander staatsorgane af te wag voor hy of sy kragtens artikel 106 van die Wet op Munisipale Stelsels of hierdie Wet optree; om die vereistes te wysig met betrekking tot die evaluering wat deur die Provinsiale Minister uitgevoer moet word voor ’n beroep op artikel 106(1) van die Wet op Munisipale Stelsels; om die prosedures te wysig by die beroep op daardie artikel; om sekere verslagdoeningsvereistes te skrap; om voorsiening te maak vir aangeleenthede waarvoor die Provinsiale Minister regulasies kan maak; om verdere misdrywe bekend te maak; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

Diegene wat belangstel om met die Staande Komitee te skakel, kan skriftelike voorleggings indien (e-pos: jcoetzee@wcpp.gov.za) of mondelinge voorleggings as stemnotas op WhatsApp stuur (selfoonnommer: 082 921 2242), en hulle kan ook versoek om voor die Staande Komitee te verskyn om mondelinge aanbiedings te maak.

Alle voorleggings en versoeke om voor die Staande Komitee te verskyn moet die Staande Komitee bereik teen nie later nie 24 Januarie 2025.

Rig voorleggings, navrae en versoeke aan mnr Johan Coetzee (tel: 021 487 1717 of e-pos: jcoetzee@wcpp.gov.za). Sluit asseblief jou volle naam, e-posadres en kontaknommer in wanneer kommentaar aan die Staande Komitee gestuur word.

Die Wysigingswetsontwerp is beskikbaar op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se webtuiste by www.wcpp.gov.za.

Afskrifte van die Wysigingswetsontwerp sal op versoek aan belangstellende persone gestuur word.

**Uitgereik deur mnr D Bryant (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.**